# Rustenburg Gemeenskapskerk



**13 MAART 2022**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org


Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902


## Spanwerk ons grootste Karnaval-wins



Die spangees in elke gemeente-stalletjie, is altyd uitstaande. Miskien was ek maar net uitgehonger vir saamwerk, maar myns insiens was die onderlinge verhoudings in die stalletjies in 2022 van ons beste óóit. Mense het nuwe vriende gemaak, vriendskappe versterk en ou strydbyle begrawe. Ons leiers, organiseerders en elke gemeentelid, familielid en vriend, wat kom hand bysit het, was fantasties. Ons dank die Heilige Gees hiervoor. Wat die finansies betref behoort ons oor 'n week finale syfers te hê. Ons hou u op hoogte! Baie dankie! Theo

## Karnaval-kaartjies



Ons het nog nie al die karnaval boekies en kaartjies terug ontvang het. Indien u nog 'n boekie of kaartjies in u besit het bring dit asb so gou moontlik na 26 Zandstraat of Sondag na die I-toonbank. Baie dankie

## Sterker as vrees

Vrees is derduisende mense se metgesel. Gelukkig is hoop sterker as vrees. Maar dan moet hoop voortdurend gegroei en gekoester word. Dit moet Godwaarts gefokus word.
Om op God te hoop, beteken nie 'n ontkenning van die realiteite van ons dag nie. Hoegenaamd nie, maar hoop hou rekening met 'n nuwe werklikheid – God s'n. Hoop verskuif ons blik gedurig na die wêreld van God. Dit herfokus ons aandag op Hom te midde van ons eie worstelinge oor ons probleme in die lewe. Dit laat ons 'n nuwe toekoms sien.
Hoop is om Christus hier en nou te vertrou met ons hele lewe, asook met daardie lewe wat wag in sy nuwe wêreld. Daarom laat hoop ons ook stroomop leef.
Hoop laat ons te midde van twyfel, vrees en ongeloof volhard in God se rigting. Selfs as ons struikel – en ons gaan dit een of ander tyd doen – hou hierdie vlammetjie van hoop nie op met brand in ons hart nie. Keer op keer rig dit ons weer op God. Stephan Joubert

## Belangrike datums



20 Maart - Bybelskool na erediens
25 Maart - Fliek & Pizza aand
28 Maart - Fin Kom vergadering

## i - toonbank in portaal vir:



- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / E-posse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke

## Verjaarsdae 13 - 18 Maart 2022



13 Christa Mileham, Eddie Rundle
14-Suzette Harmse
15-John-Luke Barnard
16-Rine Few, MP Hendriks
17-Willie van Loggenberg , Freek vd Westhuizen

## RGK Besigheidsgids

Stuur asb u besigheidskaartjie na estavanzyl0812@gmail.com Ons is besig met 'n na-Covid publikasie



Elke tree skets 'n verhaal waar ons was en waarheen ons mag gaan. Ons kyk terug en is dankbaar. Ons kyk vooruit en is hoopvol. Ons kyk boontoe en is gerus. Ons gaan op ons knieë en sê: DANKIE HEER vir alles wat ons het en die kosbare mense in ons lewe.

## Dankoffers



**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**
**☑ EFT**
**☑ Stoporder**



**Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid**

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Teebeurte



13 Maart - Wyk 3
20 Maart Vakansie



## Bid vir ons lidmate



- René Buys
- Riëtte Mc Donald
- Joey Dreyer
- Ciska Hopkins
- Peet Dique
- Amanda Pelser
- Lien Pelser
- Isabel Groenewald
- Lientjie Venter
- Daan Dercksen
- Magda Hamman
- Ivy Swart
- Annetjie Jeffrey
- Herman Niemand
- Isabel Mc Donald
- Janet Kleingeld
- Henk Beumer

## Erediens Sondag 13 Maart om 09h00

Dankie aan almal wat aan God se reëls vir die lewe meedoen. Matt 11:16 -19
Kategese: Ons span jeugwerkers is:
Kleuterkerk: Nikita Van Loggenberg
Gr 1-2: Deoné Schoeman
Gr 3-4: Talie du Plessis
Gr 5-7: Maryke Barnard
Gr 8-11: Ds. Ignatius Rademeyer